BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

20c — Maandag 28 Januarie 1980 — WINDHOEK — Monday 28 January 1980 — No. 4076

INHOUD:

Bladsy

PROKLAMASIE:

No. 17 Vervanging van Subartikel (2) van Artikel 38 van Wet 39 van 1968, Herroeping van Proklamasie 172 van 1979 en Voorsiening vir Herroeping of Wysiging van Subartikel (5) van Genoemde Artikel 38 — 1

CONTENTS:

Page

PROCLAMATION:

No. 17 Substitution of Subsection (2) of Section 38 of Act 39 of 1968, Repeal of Proclamation 172 of 1979 and Provision for the Repeal or Amendment of Subsection (5) of the Said Section 38 — 1

PROKLAMASIE

Die volgende Proklamasie van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika word vir inligting gepubliseer.

J. F. GREEBE
Sekretaris van Suidwes-Afrika

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek.

PROKLAMASIE

van die
STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

No. 17, 1980

VERVANGING VAN SUBARTIKEL (2) VAN ARTIKEL 38 VAN WET 39 VAN 1968, HERROEPING VAN PROKLAMASIE 172 VAN 1979 EN VOORSIENING VIR HERROEPING OF WYSIGING VAN SUBARTIKEL (5) VAN GENOEMDE ARTIKEL 38

Kragtens artikel 38 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968) —

(a) wysig ek genoemde artikel 38 hierby deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Indien 'n bevoegdheid om wette te maak —

PROCLAMATION

The following Proclamation by the State President of the Republic of South Africa is published for information.

J. F. GREEBE
Secretary for South West Africa

Administration of South West Africa
Windhoek.

PROCLAMATION

by the
STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

No. 17, 1980

SUBSTITUTION OF SUBSECTION (2) OF SECTION 38 OF ACT 39 OF 1968, REPEAL OF PROCLAMATION 172 OF 1979 AND PROVISION FOR THE REPEAL OR AMENDMENT OF SUBSECTION (5) OF THE SAID SECTION 38

Under section 38 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) —

(a) I hereby amend the said section 38 by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) If a power to make laws —

(a) by 'n wet wat kragtens subartikel (1) gemaak word aan die een of ander gesag verleen word, is 'n wet wat uit hoofde van dié bevoegdheid deur die betrokke gesag (in paragraaf (b) die bevoegde gesag genoem) gemaak word, nie van krag nie tensy dit deur die Staatspresident goedgekeur is;

(b) by of kragtens 'n wet wat deur die bevoegde gesag uit hoofde van sy in paragraaf (a) bedoelde bevoegdheid gemaak word, aan 'n ander gesag verleen word, is 'n wet wat uit hoofde van die aldus verleende bevoegdheid deur so 'n ander gesag gemaak word, nie van krag nie tensy die bevoegde gesag dit goedgekeur of onderteken het of daartoe toegestem het, na vereiste van die wet waarby bedoelde bevoegdheid aan die betrokke ander gesag verleen word:

Met dien verstande dat die voorafgaande bepalings van hierdie subartikel in verband met die goedkeuring of ondertekening van of toestemming tot 'n wet nie van toepassing is nie ten opsigte van 'n regulasie, reël, verordening, voorskrif of bepaling wat deur die een of ander gesag gemaak, uitgereik of gedoen word uit hoofde van 'n bevoegdheid by wet verleen om, vir die doeleindes van die uitvoering of werking van die betrokke wet, met betrekking tot 'n aangeleentheid in daardie wet genoem regulasies, reëls, verordeninge, voorskrifte of bepalings te maak, uit te reik of te doen.";

(b) herroep ek hierby Proklamasie 172 van 1979, van die Staatspresident;

(c) verklaar ek hierby dat die verwysing in paragraaf (2) van Proklamasie 181 van 1977 van die Staatspresident, en in artikel 3(2)(a) van die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), van die Administrateur-generaal, na genoemde artikel 38, geag word nie 'n verwysiging ook na subartikel (5) daarvan te wees nie;

(d) verklaar ek hierby dat paragrawe (a) en (b) van hierdie Proklamasie geag word in werking te getree het op, onderskeidelike, 1 September 1977 en 13 Augustus 1979.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sestiende dag van Januarie, Eenduisend Negehonderd en Tagtig.

M. VILJOEN
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:
P. W. BOTHA

(a) is conferred upon any authority by any law made under subsection (1), a law made by the authority concerned (in paragraph (b) referred to as the competent authority) by virtue of that power shall not be of force or effect unless it has been approved by the State President;

(b) is, by or under any law made by the competent authority by virtue of his power referred to in paragraph (a), conferred upon any other authority, a law made by any such other authority by virtue of the power so conferred shall not be of force or effect unless it has been approved or signed or assented to by the competent authority, as the law by which such power is conferred upon the other authority concerned may require:

Provided that the preceding provisions of this subsection in connection with the approval or signing of or assent to a law shall not apply in respect of any regulation, rule, by-law, instruction or determination made or issued by any authority by virtue of a power conferred by law to make or issue, for purposes of the administration or operation of the law in question, regulations, rules, by-laws, instructions or determinations in relation to any matter specified in that law.";

(b) I hereby repeal Proclamation 172 of 1979, of the State President;

(c) I hereby declare that the reference in paragraph (2) of Proclamation 181 of 1977 of the State President, and in section 3(2)(a) of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979), of the Administrator-General, to the said section 38, shall be deemed not to include a reference to subsection (5) thereof;

(d) I hereby declare that paragraphs (a) and (b) of this Proclamation shall be deemed to have come into operation on 1 September 1977 and 13 August 1979, respectively.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria, on this Sixteenth day of January, One thousand Nine hundred and Eighty.

M. VILJOEN
State President

By order of the State President-in-Council:
P. W. BOTHA